

# REGISTRASIE SONDER FRUSTRASIE

Die departementele registrasieproses laat ouers soms onseker. Me. Linelle Weyers staan gereed om haar kennis en ervaring van die proses met u te deel en om u by te staan indien daar 'n haakplek met u aanlyn registrasie voorkom.

Die datum waarop die aanlyn registrasieproses afskop, sal in die media aangekondig word. Alhoewel daar nog nie sekerheid is oor hoe die proses vanjaar gaan verloop nie, het die proses in die verlede as volg verloop:

## 1. Aanlyn registrasieproses

- Die aanlyn registrasieproses word in die media aangekondig. Die skool sal almal op hoogte van die proses hou.
- Die proses is eenvoudig en behoort sonder probleme te verloop.
- Gaan na <http://www.gdeadmissions.gov.za>.
- Hou gewaarmerkte afskrifte van die volgende dokumente byderhand:
  - U ID-nommer
  - U kind se geboortesertifikaat
  - Bewys van adres
- Voltooi die inligting noukeurig deur die instruksies op die skerm te volg.
- Bewaar die gebruikersnaam (*username*) en wagwoord (*password*) vir toekomstige gebruik.
- Gebruik altyd die adres naaste aan die skool as u verwysing.
- Maak seker dat die bewys van adres wat u gebruik met die adres wat op die stelsel ingelees word, ooreenstem.
- Dui *Preferred language* as Afrikaans vir plasing by 'n Afrikaansmediumskool aan.
- Dit is raadsaam om 'n koshuisaansoekvorm saam met u aansoek in te dien, indien u van die skool se koshuisfasiliteit wil gebruikmaak. Die Hoërskool Menlopark se koshuis verskyn nie op die keuselys nie, maar koshuisverblyf word deur die skool gereël.

- Wanneer u op *Apply* klik, sal u 'n bevestigingsnommer ontvang. Dit dien as bewys dat u aansoek om 'n plasing gedoen het.
- Indien u op 'n waglys by 'n ander skool geplaas word, kan u weer aansoek doen. Klik op die *Apply again*-opsie om 'n waglysnommer vir Menlopark te bekom - wees op die uitkyk vir die *School of choice*-opsie.

## 2. Dokumentasie

**Let asseblief daarop dat u op die Departement se platform EN by die skool moet aansoek doen deur 'n Menlo-registrasievorm te voltooi en dit na die skool te e-pos.**

- Die Menlo-registrasievorm (graad 8 en 9) is op ons webtuiste beskikbaar. Maak gerus van ons gebruikersvriendelike nuwe webtuiste gebruik om die registrasievorms vir die skool en die koshuis af te laai.
- E-pos die voltooide vorm na [aansoeke@menlopark.co.za](mailto:aansoeke@menlopark.co.za) of handig dit by die kantoor (saam met die volgende dokumente) in:
  - Afskrif van die leerder se geboortesertifikaat
  - Afskrif van ouers se ID
  - Nuutste rapport
  - Bewys van adres wat gebruik is tydens die aanlyn registrasieproses

**3. Navrae** in verband met die aanlyn registrasieproses kan aan [aansoeke@menlopark.co.za](mailto:aansoeke@menlopark.co.za) gerig word.

Ons stuur graag ons weeklikse nuusbrief, Die Menlo-Insig, aan alle voornemende Menloparkers sodat elkeen vinnig inskakel en absolut deel word van die Menlo-lewe.

